
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE OU EN NUWE TESTAMENT IN MEKAAR GEWEEF – PROFESIE EN VERVULLING

As ek oor die geskiedenis van Israel nadink, sien ek daarin die geskiedenis van 'n verborgenheid. In Romeine hoofstuk 11 het ons die verborgenheid van Israel soos die apostel Paulus dit gesien het. Hy praat van 'n verborgenheid. Daar is baie verborgenhede in die Nuwe Testament. Die Persoon van Christus is 'n verborgenheid; die koninkryk van die hemele is volgens Mat. 13:11 'n verborgenheid en Israel self is 'n verborgenheid, 'n goddelike verborgenheid wat 'n mens slegs kan verstaan as jy lig van God ontvang het. Hoe lank is die mense tog nie besig met die Joodse vraagstuk nie! Die grootste staatsmanne het probeer om dit op te los. Baie geleerde boeke is daaroor geskrywe. Hulle het die oplossing tevergeefs gesoek omdat Israel 'n verborgenheid is. Dink tog net oor hierdie raaisel en oor hierdie verborgenheid! Israel is 'n wondervolk. Deur 'n wonder het dit tot stand gekom. Isa 66:8: Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Dit het op die 14de Mei 1948 gebeur!

Ons weet baie goed wie die eerste Israeliet was. Maar wie was die eerste Afrikaner, wie die eerste Hollander of Amerikaner of Engelsman? Dit weet ons nie, maar ek kan vir u sê wie die eerste Hebreër was: Abraham. En Abraham het, deur 'n goddelike wonder, die vader van hierdie volk geword; nie deur Ismael nie, maar deur Isak, nadat God 'n wonder aan hom en aan die verstorwe skoot van Sara gedoen het. Dus is Israel in die lewe geroep deur 'n goddelike handeling, 'n wonder. En deur 'n aanhoudende wonder het hierdie volk aan die lewe gebly.

Daar is baie pogings aangewend om die Jode te vernietig, maar nie één het geslaag nie. Die Joodse volk is nou eenmaal onvernietigbaar. Dit is eenvoudig wonderbaar en strydig met alle wette wat die bestaan van volkere reguleer. Ander nasies het van die aarde verdwyn. Wat weet ons van hulle? Net dit wat deur argeologiese opgrawings aan ons bekend gemaak word. Maar hier is 'n volk wat langer as hulle almal leef. Ook is dit merkwaardig dat daar in die Joodse volk 'n jeugdigheid en energie is wat 'n mens in geen ander volk opmerk nie. Die Jode bestaan uit 2% van die wêreld se bevolking, maar ± 25% van die grootste uitvindsels wat die wêreld bevoordeel, is deur die minste mense ontdek bv. Einstein, ens. En hierdie volk wat deur 'n wonder begin het en deur 'n wonder bewaar is, gaan nog 'n groter wonder tegemoet wanneer hulle eendag hul uitverkiesing deur God verstaan. Wanneer die oë van hierdie volk eendag oopgaan vir die heerlikheid van die kruis, sal daar 'n nog groter wonder plaasvind: dit sal 'n wedergebore volk word.

Aan hierdie wondervolk het God **'n WONDERWERK** toevertrou wat uit die uiterste lyding van Israel ontstaan het. Daar is nie nog so 'n boek nie, en Israel is deur God aangestel om hierdie Boek veilig te bewaar. Dit is 'n Boek wat nie die Jode vlei nie. Die Jode kla dikwels oor die vyandigheid teen hulle, maar daar bestaan seker geen erger klagtes teen hulle as die beskuldiginge van die profete nie. Die Bybel is soos 'n spieël waarin die Jode - soos alle mense - hulle gesigte kan sien, hulle sondes en skandes, en God se

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die ou en nuwe testament….)

strawwe. Alles staan in hierdie Boek. Baie mense beweer dat die Ou Testament net die geskiedenis is wat die Jode van hulleself geskryf het. Elke land skryf sy eie geskiedenis om homself te verheerlik. Maar hier is 'n Boek wat net die teenoorgestelde doen, 'n Boek wat nie slegs die goeie dinge van Israel beklemtoon nie. Waarom het Israel hierdie Boek nie verwerp nie? Waarom het hulle hierdie Boek nie vernietig nie? Waarom het hulle aan die hele wêreld hul skande meegedeel? Omdat die Lewende God agter hierdie Boek is. Die Wonderboek wat aan die wondervolk gegee is, praat van: **'n WONDERPERSOON.** Die Wonderpersoon is uit die wondervolk gebore. Dit is ondenkbaar dat Jesus van Nasaret, die Messias, die Seun van die Lewende God, uit enige ander volk as uit Israel kon gekom het. Slegs Israel kon die moeder van Christus wees. Die drie wonders: die Wondervolk, die Wonderboek en die Wonderpersoon vorm een groot eenheid. As ons die een wonder in twyfel trek, dan doen ons dit ook met die ander wonderwerke. Hierdie drie is permanente getuies van God. Ons kan nie een van hulle ontken nie, ten spyte van moderne kritiek. Solank daar nog 'n wonder op aarde geskied, moet ons dit erken. Ons lewe in 'n wêreld waar God wonders doen.

Ons moet die Jode met die oë van liefde aanskou.

1. ***Met die oë van geloof.***

Wie is 'n tipiese Afrikaner, wie is tipiese Amerikaner, wie 'n tipiese Duitser? Sal ons minderwaardiges van die land as tipies beskou, of sal ons die groot helde uitkies? Sal ons in Duitsland bv, nie aan Goethe of aan Beethoven dink nie? Hulle is tipiese Duitsers in wie die Duitse siel tot uiting kom. Maar wie is dan tipies Jood? As 'n Joodse sakeman iets doen wat nie heeltemal opreg is nie, dan sê die mense: "Hy is 'n egte Jood," en nie "hy is 'n onegte Jood" nie. Maar wie is in werklikheid egte Jode? Dit is manne soos Abraham, Jesaja, Mattheus, Paulus, Johannes en Jesus. Hulle is egte Jode. Ons moet die Jode met die oë van geloof aansien - ek het van die oorblyfsel gepraat; die was soms baie klein in die geskiedenis van Israel, en as die Almagtige God nie 'n klein oorblyfsel sou gelaat het nie, dan was dit met hierdie volk gedaan soos met Sodom en Gomorra. In die harde oneetbare dop was daar egter 'n soet pit, en die soet pit vertel vir ons die geskiedenis van die ware Israel van eeu tot eeu. Die oorblyfsel van die huidige Israel is op 'n eienaardige manier deur die kerk van Christus afgesonder en daarin opgeneem. In die 19de eeu het 200 000 Jode die Christendom aanvaar. Waar is hulle afstammelinge nou? As daar destyds reeds 'n Joodse-Christelike Vereniging was, sou ons tans 'n groot menigte van Joodse Christene gehad het. Hulle sou getuienis kon gegee het van die ware Messias en van Sy mag om tans nog Joodse lewens te verander in Sy heerlike beeld.

Die Joodse Christene behoort aan hulle volk, en Israel is aan hierdie oorblyfsel van Joodse Christene veel dank verskuldig. Juis omdat daar gelowige Israeliete is, moet die volk aanhou om te bestaan. God is nog nie klaar met hierdie volk nie. Daar is nog baie Israeliete wat na Sy stem sal luister, en wat Hy na Homself sal trek.

2. ***Met die oë van hoop.***

Ons moet hierdie volk ook met die oë van hoop beskou. Dit het te doen met die toekoms. "Die hele Israel sal gered word," sê die apostel Paulus. Maar hoe en wanneer? Baie Christene dink dat die uiteindelike bekering van die ongelowige Israel skielik deur 'n wonderwerk sal geskied. Ek meen dit sal glad nie so gebeur nie. Paulus was baie prakties aangelê en noem definitief ses stappe wat God sal onderneem om Sy doel met Israel te bereik. Die gelowige Gemeente uit die heidenwêreld is uit al die nasies saamgestel, nie net om sendingwerk onder die heidene te doen nie, maar in die eerste plek om vir die volk Israel 'n voorbeeld te wees van wat Christus met die lewe van 'n mens kan doen - om Israel jaloers te maak. Het die Christelike Gemeente daarin geslaag om die Joodse volk jaloers te maak? 'n Rabbi het een keer gesê: "Ons mense is net so goed soos die sogenaamde Christene." Solank 'n Jood dit nog kan sê, sal hy nie jaloers wees op die seëninge van die Christene nie. As dit eendag so sal wees dat die Joodse volk by die Christene die heerlikheid en genade van God sal sien, dan sal die skille van hul oë afval, en hulle sal sê: "Wat het ek tog nie verwerp nie, hoe het ek tog daarbuite in die duisternis en in die koue gebly. Ag, as ek tog maar ingekom het en gaan sit het aan die tafel van die Here!" Ek meen as Paulus van die volheid van die heidene (gentiles) praat, bedoel hy nie die volheid van 'n getal nie, maar die volheid van die seëninge wat die Christene uit die heidenwêreld deur die genade van Jesus Christus verkry het. Wanneer die Christene uit hul lang slaap ontwaak en vervul word met die Heilige Gees, en opstaan as 'n Gemeente wat geroepe is om aan alle nasies

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die ou en nuwe testament…)

Christus daar te stel, dan sal die Joodse volk diep beïndruk word. En wanneer die Gemeente ingegaan het in die volheid van die seëninge in Jesus Christus, sal die uur aanbreek wanneer Israel hom tot die Here sal wend.

3. ***Met die oë van liefde***.

Ons moet die Joodse volk ook met die oë van liefde betrag. "Hulle is geliefdes ter wille van die vaders," staan in die Brief aan die Romeine. Die Psalmis sê dat iemand wat 'n regverdige vader gehad het, nooit sal nodig hê om te bedel nie. Dit is 'n seën om regverdige voorouers te hê. God vergeet Abraham, Isak en Jakob en die heiliges en regverdiges van Israel nie, en om hulle ontwil het Hy hierdie volk lief.

My dierbare Christen, beweer u dat u die Jode liefhet? Daar is baie Christene wat in die Jode belangstel, en hulle gee ook iets vir sendingwerk onder die Jode. Maar het u ook u Joodse buurman lief? Bewys u liefde aan hom ? Liefde is die goue sleutel wat elke deur kan oopsluit. Argumente en bewyse kan niks verrig nie; net liefde kan dit doen. Liefde was en is nog altyd die magtigste. Alle deure gaan oop vir die liefde, en ek meen dat die Gemeente uit alle nasies op hierdie manier aan die volk Israel die waarheid soos dit in Christus is, moet toon. Daarom is die Jode verstrooi onder die nasies waar daar Christelike gemeentes is. Israel is in kontak met die Christendom deur al die eeue van hulle verstrooiing, en die Christene uit die heiden wêreld is in aanraking met die Joodse volk. Die Christene kan van die Jode nie ontslae raak nie. God het hulle bymekaar geplaas sodat die Jode wat tussen die Christene woon, mag sien wat Christus bedoel, wanneer Hy in 'n mens se lewe kom en dit verlig. As daar liefde uitstraal, word die Joodse hart warm.

Ek ken geen hart wat so na liefde smag, as die Joodse hart nie. God het hierdie volk lief om hulle vaders ontwil. En ons moet die Joodse volk nie slegs met ons vleeslike oë sien nie, maar met die oë van geloof, omdat in hulle ook die moontlikheid van lewe is en God dit sien. Ons mag vir die toekoms van hierdie volk hoop.

Die uur sal kom wanneer die gedurige ronddwaling van die Jood op een manier sal ophou - en op 'n ander manier sal begin. Die Jood wat deur alle lande gedwaal het, sal 'n ander tog begin - as boodskapper van die lewende Christus, wat die Son van sy lewe geword het. Dan sal die Jood aan al die volkere die blye boodskap van die Koninkryk van God verkondig. ●

- NEW BOOK -

"God's Eternal plan for Israel and His Church"

Book number 78 - R20.00 each

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.


Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

NEHEMIAH

A PRACTICAL GUIDE TO CHRISTIANITY
by Pastor David Gericke @ R45.00 per copy

A step by step teaching on how to overcome the opposition facing every Believer. Nehemiah's vision, faith, warefare and perseverance shows us how to succeed through prayer.



FORGIVENESS

Unforgiveness is without doubt the main reason for unanswered prayer. Jesus when teaching His disciples how to pray (the Lord's prayer) in the book of Matthew chapter 6, says in verse 12: "**And forgive us our debts, as we forgive our debtors."** Jesus taught His followers that forgiveness was imperative when we pray. In verses 14 and 15 of Matthew chapter 6, He goes on to say: **For if you forgive men their trespasses, your Heavenly Father will also forgive you. But if you do not forgive men their trespasses, neither will your Father forgive your trespasses.** Forgiveness is essential in our relationship with our Heavenly Father, in fact you cannot have a good relationship with your Heavenly Father and a bad relationship with others.

Forgiveness frees us, and it is the only way we become liberated from the fetters and chains we create for ourselves. Forgiveness releases us from the pain and penalty of sin. Forgiveness gives a fresh start, another chance and a new beginning. Forgiveness is the cancelling of a debt. It removes resentment and deals with hatred, and its power breaks the prison of bitterness. Forgiveness brings peace and joy in the home, to the marriage and work place. Forgiveness results in spiritual, physical and mental health for the one who forgives. It frees our soul and cleanses us from sin. Doctors have confirmed that unforgiveness and bitterness can cause ulcers, sleeplessness, high blood pressure leading to strokes, heart diseases and mental torment. Surely this is reason enough for us to want to free ourselves from all form of resentment and hate.

God has created man with a free will, which enables him to make choices. When we choose to live by God's biblical principles, each choice we make leads to life. When however, we choose not to respond to God's instructions in His Word, this will lead to death. He says in His Word in Deut. 30 verse 19: **Today I have set before you life and death, blessing and cursing; therefore choose life….** When we decide to obey God, we are actually, in fact "choosing life". Forgiveness is a choice, you can choose to forgive, regardless of feelings. The choice to forgive is a Kingdom principle, and will bring Kingdom rewards.

I remember when God showed me clearly the principle of forgiveness in action. In one of my healing meetings in a large venue, with thousands of people present, I noticed a man in a wheel chair, right at the back of the auditorium. I was speaking on the necessity and importance of forgiving those who had wronged us or hurt us, before bringing our requests to God. I explained that unforgiveness was a gross sin in the eyes of God, because He had sent His only begotten, spotless Son, Who was without sin, to die for us, so that we might be forgiven. Surely then it is not unreasonable of Him to expect us to forgive those who have sinned against us. I mentioned that unknowingly we prevented God from working in our lives by holding on to unforgiveness, and that as soon as we made the choice to forgive, we unblocked the channel of God's blessing to us. The next moment I saw this man get up out of his wheel chair, and start walking towards me with faltering steps. As he got closer to the platform, he became steadier on his feet, and by the time he reached me, he was rejoicing with raised arms, praising God. He had been confined to the wheel chair for 15 years after having been involved in a motor car accident, which had left him a paraplegic. For 15 years he had held terrible bitterness and resentment towards the driver who had caused the accident whilst being under the influence of alcohol. Day and night he planned and schemed how he could take revenge on the one who had caused him so much suffering. He told me that as he heard me say that it was imperative for him to forgive his enemy, he realised what he had to do in order to receive his healing from the Hand of God. Right then and there he said, "God forgive me for harbouring unforgiveness and resentment towards the man who put me in this wheel chair so long ago. I forgive him now, and I ask you please to forgive me." I recall how he witnessed with tears of joy in his eyes, that at that minute he felt strength returning to his weak limbs, and he was able to stand after all that time, and slowly began putting one foot in front of the other, taking one step at a time, and finally found himself walking again. What rejoicing there was at that meeting, and I can assure that there was not one dry eye in the

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Forgiveness)
place. The power of forgiveness cannot be underestimated, neither can the bondage of unforgiveness.

Forgiveness, you see, is not for the other person's benefit. It is for your benefit. If someone has hurt and wounded you, then for YOUR emotional healing, YOUR spiritual welfare and for YOUR future well being, forgive them and release them, and you will be free in the Name of Jesus because there is freedom in forgiveness.

Many people say that they just cannot forgive the person who has been the cause of such unhappiness in their life. I would say that this is a lie of the devil, because if God has commanded us in His Word to forgive if we have anything against someone, it must be possible. God would not require us to do something He knows we cannot do, this would be unreasonable and unfair. It is more likely that we do not WANT to forgive rather than we CANNOT forgive. No matter what deed was done to you, or who the one is who caused you the hurt, be it a husband, wife, father, mother, child, friend or brother or sister in Christ, it IS possible to forgive them once you have made up your mind to do so. The Lord will help you once you have made the right decision. You may not realise it, but by harbouring unforgiveness towards another person, you are actually involved in manipulation, which is a type of witchcraft. The bondage of unforgiveness is twofold, you bind yourself in the spirit to the person who has hurt you, by your refusal to forgive them. You unwittingly use it as a weapon of control over that person, and the bitterness, that multiplies in your spirit, finds it's expression by way of your mouth, which spews forth hate and poison, contaminating those around you. The only way you can stop this vicious circle is by choosing to forgive, and to forgive completely. It is God's will for your life.

There are those, (and maybe you are one of them), who find it difficult to forgive themselves, because of past sin in their lives. Satan constantly accuses you saying that the sin you committed is too great for God to forgive, and you believe this lie. This is exactly what it is, a lie from the pit of hell, because there is no sin too great for the cleansing work of the Blood of Jesus! We read in 1 John 1:9 that **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins and to cleanse us from ALL unrighteousness.** Forgiveness cannot be earned, yet the guilt of unconfessed sin often leads people to try and earn God's forgiveness by doing things for Him, such as working for the church, or giving big offerings. They think that God will see their good works and forgive them for their sin, but it is only the Blood of Jesus that cleanses us of sin, and that cleansing takes place when we confess and repent of our sin, and receive forgiveness as an act of God's grace. You cannot be forgiven by doing good works, because the Bible tells us that our righteousness is as filthy rags, yet through God's amazing grace He will cleanse you and make you white as snow because of His unconditional love for you. We read in Ephes. 2 verse 4-5: **But God, who is rich in mercy, because of His great love with which He loved us, even when we were dead in trespasses, made us alive together with Christ (by grace you have been saved).** Forgiving yourself is often the most difficult part of forgiveness, you can forgive other peoples' mistakes, but you cannot forgive yourself. Forgiveness is a gift from God, and as with any gift, all we can do is receive it with gratitude and thanksgiving. If God has forgiven you, forgive yourself. If God has forgotten it, forget it. We read in Psalm 103:12: **As far as the east is from the west, so far has He removed our transgressions** (sins) **from us.**

It is because God is gracious and willing to forgive us that we, His children, should have the same attitude and readiness to forgive others. This is what He expects of us, because it is His nature, and when we are in Christ we have the nature of Jesus. The Bible tells us in Matt. 5:23-24: **Therefore if you bring your gift to the altar, and there remember that your brother has something against you, leave your gift there before the altar, and go your way. First be reconciled to your brother, and then come and offer your gift.** God will not receive an offering of a million rand from someone who is not walking in harmony with his brother, and once again the Lord is emphasising the importance of forgiveness and reconciliation before we come to Him with our prayer requests. In Mark 11:25-26 Jesus reminds us of this fact, saying: **And whenever you stand praying, if you have anything against anyone, forgive him, that your Father in heaven may also forgive you your trespasses. But if you do not forgive, neither will your Father in heaven forgive your trespasses.** It is so important to God that we should walk in the light of His Word, and we see in 1 John 1:6-7: **If we say that we have fellow-**

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Forrgiveness…..)

ship with Him, and walk in darkness, we lie and do not practice the truth. But if we walk in the light as He is in the light, we have fellowship with one another, and the blood of Jesus Christ His Son cleanses us from all sin. You need to be reconciled to the one who has hurt you, and this is done by taking the initiative, and asking the Lord for wisdom as to how you can be instrumental in making right. He may tell you to go to the person and ask their forgiveness, even if you did not initiate the problem that exists between you. Whatever the Lord lays on your heart to do, do it as unto Him, and He will honour your desire to be obedient to what He is requiring of you. Do not justify or reason the unfairness of this instruction from God, remember that He knows what is best for you, and that is why He is requiring it of you, He wants you to be free and to regain His joy, peace and love in your heart. I have heard it said that by harbouring bitterness, unforgiveness and resentment towards someone is the same as if you were taking a bit of poison every day and hoping that the other person would die! How true this is.

The fact that God considers forgiveness of such importance is conveyed to us in Matt. 18:21-22. Peter asks Jesus how often you should forgive someone who sins against you. Peter suggested that it should be seven times because Hebrew tradition taught that you were a very special person if you were able to forgive someone seven times, who had sinned against you. Jesus then replied in verse 22: **I do not say to you, up to seven times, but up to seventy times seven.** That is 490 times! Here Jesus is teaching a Kingdom principle, and that principle is that He wants you to practice forgiving so often, that you will do it automatically, and it will eventually become a habit for your benefit. A habit which causes you not to keep a record of anyone's sin, not to try and manage anybody else's life, and not trying to be God's judge. You have become just as forgiving as He is.

Just imagine that you owed someone R60 million rand! Where could you ever find the money to pay back this size debt? Imagine if your life and the lives of your spouse and children were on the line unless you could pay back this large sum of money. You could go to your debtor and plead for mercy, promising him that somehow you will find a way to repay him, even though this is impossible. Imagine that he turned to you with love in his eyes and compassionately told you not to worry about the debt you owe, because he has cancelled it. A sixty million rand debt cancelled then and there! Imagine hearing those words, "Your debt is forgiven, you can go free!" Can you imagine how relieved and thankful you would be? You would not be able to express in words you gratitude and joy, and would probably cry in relief because of what had just taken place! You would obviously then cancel the odd few debts that people owed you, wouldn't you? You would say to the one who owed you a few rand: "I have just had such a wonderful thing happen to me that I want to show my gratitude by doing likewise for you."

Yet Jesus told the following parable in Matt. 18:21-35, which is intended to portray this truth to us, but sadly, has quite a different ending.

There was a king who called a servant and ordered him to pay up R60 million rand which was owing to him. It was impossible for the servant to pay back such an enormous amount of money, and so the king ordered that the servant and his family be sold to pay for the debt. The servant however, pleaded for mercy and begged the king to reconsider his decision, and the king filled with mercy and compassion, forgave the servant the entire debt. However, this very same servant went off and laid hands on one of his fellow servants, who owed him just twenty rand, and took him by the throat, saying "Pay me what you owe!". So his fellow servant fell down at his feet, and begged him saying: "Have patience with me, and I will pay you all." Then this forgiven servant had him thrown into prison because he could not pay his debt. When the king discovered what the servant had done, he was angry and said: **"You wicked servant! I forgave you all that debt because you begged me. Should you not also have had compassion on your fellow servant, just as I had pity on you?" And his master was angry, and delivered him to the tormentors (torturers) until he should pay all that was due to him. So My heavenly Father also will do to you if each of you, from his heart, does not forgive his brother his trespasses.**

In this parable, the king represents Jesus Christ, and the first servant is you and me. The R60 million rand represents the enormous debt we as sinners, owe to God. If we consider the debt of our sin, all the wrong we have said and done, then we look at God's great forgiveness towards us, it is like a R60 million rand debt, which is impossible for us to repay. You and I do not deserve forgiveness, we ac-

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Forgiveness...)

tually deserve hell, but God, in His compassion has made it possible for our debt to be paid, through Jesus Christ at Calvary. He loves you and me so much, that He forgave our debt at Calvary when Jesus paid the price for us. Jesus was taken captive by brutal Roman soldiers in the Garden of Gethsemane, where He sweated drops of blood whilst making the decision to do His Father's will, which was to be crucified for your sins and mine. He was mocked and spat upon and they assaulted Him with their hands, sticks and reeds, saying: "prophesy who is hitting you." He was scourged with a cat of nine tails, which consisted of nine thongs of leather into which were woven pieces of bone, glass and metal. Thirty nine times nine furrows were ploughed on His back and chest, and the Bible tells us that His body looked like a ploughed field and that He was marred beyond recognition. Jesus was nailed to a cross, nails penetrating His wrists and ankles. He hung there for six hours, from midday to 3 o'clock when the sky turned black, and the curtain of the temple was torn from the top to the bottom. He bled and died for you and me, and the Bible tells us that by His wounds we received healing, and by His shed blood we received forgiveness of sin. At the point of His death, all of our sin, iniquity and filth was laid upon Jesus, and God could no longer look at His Son, because of our sin. Jesus cried out: "My God, My God, why hast Thou forsaken Me?" God could no longer look upon His Son, because your sin and mine separated them. The agony of Jesus being separated from His Father for the first time in His life caused Him the greatest pain He suffered upon that cross. (After this He was re-united with His Father when He called out: "it is finished and into Thy hands I commend My spirit".) Jesus was damned for our sins so that we might not be damned. He died that we might live, and this is the reason why we can be forgiven. Not because we are good or righteous, but because the sinless, spotless Lamb of God died in our place, and was our substitute. He was judged for our sins, so we do not have to be judged. He loved us so much that He cancelled our R60 million rand debt on the cross.

Surely, having received such wonderful forgiveness and love, the least we can do is forgive those who have sinned against us. ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Ons lees in 1 John 2:1–2: … as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes …

Die Jode hou vandag nog Yom Kippur of Versoendag. Volgens die naam is dit 'n dag wat bepaal is om versoening vir een se sondes te doen. Vir Christene egter wys die wonderlike fees na Jesus en wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het. As gevolg van Sy offer, is al ons sondes reeds volkome betaal. Dit is waarom, indien ons sondig, ons weet dat " ons 'n Advokaat by die Vader het, Jesus Christus die regverdige ". En Hyself is die versoening vir ons sondes.

Daar staan nie dat as iemand berou het, ons 'n Advokaat by die Vader het nie. Daar staan dat as iemand sondig, ons 'n Advokaat by die Vader het. Die oomblik wanneer 'n kind van God sondig tree sy Advokaat, Jesus Christus onmiddellik op deur vir hom te bid en te beskerm. Wat dan omtrent bekering?

Die woord "bekering" is metanoia in Grieks, wat beteken om van gedagte te verander. Byvoorbeeld: Jy het altyd geglo dat Jesus net 'n goeie man was. Dan op 'n dag kom jy tot bekering en glo dat Hy die Seun van die lewend God is, wat vir jou sondes gesterf het en weer op die derde dag opgestaan het en jy neem Hom met blydskap aan as jou Verlosser.

Bybelse bekering is nie die idee om jouself te slaan of te straf vir vergifnis van jou sondes nie. Moenie dit na die werk van mense verander nie, soos die man wat na 'n priester gegaan het om sy sondes te bely nie. Toe hulle klaar was het die priester vir die man gevra: "Terloops, wat doen jy vir 'n bestaan?" Die man het geantwoord: " Ek is 'n "kontorsioniste", en gaan verder om dit te demonstreer. 'n Ander man het ook aangekom om sy sondes te bely. Toe hy die man gestrengel op die grond sien lê, het hy gesê: "As dit belydenis is, vergeet dit!" en hy het weggehardloop! My vriend dit is glad nie nodig om die Himalajas te klim of jou rug stukkend te slaan om versoening vir jou sondes te verkry nie. Geen hoeveelheid self-straf of trane kan daarvoor versoening bring nie. Jou sondes is reeds ten volle gestraf in die liggaam van Jesus. Slegs Sy voltooide werk bevredig God. Dus, verander jou denke en glo eenvoudig dat Jesus alleen die soenoffer vir jou sondes is!

Geen hoeveelheid self-straf kan vir jou sondes betaal nie. Rus net in die waarheid dat Jesus alleen die soenoffer vir jou sondes is!

Ons wil julle almal uit ons harte bedank vir jul gebede, liefde en donasies vir die voortgaan van die werk vir die Here. Wees verseker van ons liefde en gebede vir julle. Mag die Here julle almal ryklik seën!!

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Die Gebed Span
Prys die Here! Jenni se toetse is alles negatief. Prys die Here Jehovah Rapha Ex 15v26. So dankie vir julle gebede waardeer opreg.
Shalom, Susan Bischoff

Alle Lof en eer aan ons Koning, ons Groot Geneesheer!!! Dit is nou al die tweede week dat Andre se suiker telling onder 10 bly, gewoonlik was dit 18 of meer en het selfs al by 26 gaan draai. Hy is genees en ons sê net dankie vir die Here, omdat Hy gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is. God se seën rus op u almal.
Liefdegroete, Brigitte

Goeie more uit Arizona,
Ek het 'n paar dae gelede gevra dat u asb. vir my kleindogter Sarah (2) bid - Met die tydverskil van 9 ure agter SA het ek gehoop u kan nog dieselfde dag vir haar bid. Die Here is so getrou, u kon dit so doen en daar was binne ure 'n groot verbetering! Sy moes die dr. Weer gister gaan sien het en sy is baie tevrede met die vordering, sy hoef nou eers weer einde volgende week te gaan vir 'n opvolg besoek. Ons klein dogtertjie was baie siek weens longontsteking wat ten spyte van antibiotika vererger het en nog dubbele oorontsteking bygekom het. Ons loof en prys die Here vir Sy getrouheid en Sy Teenwoordigheid in tye van nood – baie baie dankie aan die Gebed span, ons waardeer u liefde, besorgdheid en gebede so baie!!
Baie dankie, baie groete,
Sarah Wessels

Tannie Meg, tannie Chantel, tannie Jacqueline en pastoor David,
Ek groet u almal by die Sentrum in die Naam van onse Here Jesus Christus. Ek het gister ingeskakel en met tannie Meg gepraat. Ek het die vorige dag ewe skielik vreeslike hartkloppings gekry, ek het regtig waar siek gevoel.
Tannie Meg het vir my oor die telefoon gebid en teen Satan en sy werke gebid. Ek het saam met haar gestem terwyl sy vir my gebid het. Sy het vir my gesê ek moet lofprysing musiek speel, want die vyand haat dit en vlug weg. Ek het onmiddellik dit gedoen en musiek gespeel oor die Krag van die Bloed van Jesus Christus. Teen gisteraand het ek 100% gevoel en die moegheid het verdwyn. Prys die Here en al die eer aan ons Koning en Geneesheer, Jesus Christus.
Baie dankie vir almal by die Sentrum se liefde en dat u altyd daar is wanneer ons u nodig het. Ek bid dat die Here u almal ryklik seën, in oorvloed!!!
Ek is baie lief vir u almal.
Groete, Jaco Jacobs

More geliefdes
Ek het 80% gehoorverlies in linkeroor, 'n groeisel op gehoorsenuwee wat uit die oorkanaal gegroei het en nou 'n "mushroom" vorm en teen die brein lê, ek het teen operasie besluit; vertrou Abba Vader vir volkome genesing, herstel van volledige gehoor. Aan Jesus al die eer en dankie vir julle gehoorsaamheid en volhardende gebed. Seën julle
Petro Beyer, DURBANVILLE

Meg en gebed span. Baie dankie vir gereelde ontvangs van nuusbriewe, julle is in my gebede. Sal julle asseblief
vir my bid vir verlossing van die rook gewoonte en vir genesing van my rug en bors want deur Sy Wonde is ek genees, baie dankie.
Jenni Oliver

VLOEI MET GEREGTIGHEID, VREDE EN BLYDSKAP

Rom. 14:17:… die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

As ons veronderstel is om eers die koninkryk van God elke dag te soek (Matt. 6:33), dan moet ons in die eerste plek weet wat die koninkryk van God is. Ek het altyd gedink dat die koninkryk van God die sendingvelde is en om dit te soek het beteken om sendingwerk te doen. Toe het ek besef dat die koninkryk van God nie iets buite jou is wat invloei nie – "die koninkryk van God is nie spys en drank nie", maar iets binne-in jou wat uitvloei – geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees ".

Dus om eers God se koninkryk te soek beteken om dit 'n prioriteit, elke dag te maak dat jou innerlike mens vloei met geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees.

Geregtigheid is nie jou eie geregtigheid gebaseer op wat jy doen nie. Dit is nie goeie werke nie. Dit is 'n geskenk van Jesus wat jou geregtigheid is (Rom. 5:17; 1 Kor. 1:30). God wil hê dat jy gegrondves is in die waarheid dat jy die geregtigheid van God in Christus is (2 Kor. 5:21).

"Vrede vir julle" was die woorde wat Jesus tot Sy dissipels gespreek het toe Hy voor hulle verskyn het na Sy opstanding. Hy het ook vir hulle Sy deurboorde hande en sy gewys (Joh. 20:19–20). God wil ook hê dat jy moet weet dat Sy Seun se voltooide werk aan jou vrede gegee het. Jou gewete pla jou nie want jou sondeskuld is betaal. Jy het vrede met God en die vrede van God.

Blydskap sal in jou hart kom wanneer jy Jesus in die Skrif, aanbiddings liedere of gesalfde prediking sien. Dit is dieselfde blydskap van die Heilige Gees wat die dissipels se harte gevul het toe hulle Jesus, Sy hande en sy gesien het (Joh. 20:20). ●